

# Vonkie: Van Fone tot Vrolikheid

Skrywer: Emma Steynberg



In Kabouterland waar die son helder skyn,
speel Vonkie elke dag in die kaboutertuin.
In sy kop was daar altyd 'n plannetjie,
hy was die slimste kaboutermannetjie.


Sy ouers het gesê: "Ons Vonkie is slim,
in sy ogies is daar sterre wat altyd glim.
Hulle koop toe vir hom 'n selfoon blink,
en 'n rekenaar met liggies wat vrolik wink.

Maar toe sit Vonkie heeldag met
sy selfoon in die hand
en speel rekenaarspeletjies tot
dit donker word in die land.
Hy speel met geen maat
en dit maak sy maats baie kwaad.
Maar vir Vonkie het dit min gepla,
want die selfoon en rekenaar het
nooit gekla.





Die kabouters speel graag
kat en muis,
maar Vonkie kom nooit
meer uit sy huis.
Soms kom 'n maat om
hom te haal,
maar hy sê "Nee, dankie,"
met ogies moeg en vaal.





Op 'n dag pak daar donker
wolke saam,
die weer dreun hard en die
glas ratel in elke raam.
Weerlig flits oor
Kabouterland,
en reën vul die straat van
kant tot kant.
Die wind waai hard oor
veld en bos
en ruk die sonpanele van
die sonplaas los.

Die krag was weg en geen
liggie het geskyn,
Vonkie se selfoonbattery het
gou gekwyn.
Vonkie sug in hul donker huis -
stil is sy rekenaar se sagte
gedruis.
Dae en dae sal die kabouters
moet swoeg en sweet
om panele weer reg te maak
het Vonkie geweet.





Verveeld sit Vonkie nou op
sy bed
en luister na vrolike klanke
van kabouterpret.
Een swaai hoog met die
skoppelmaai,
terwyl ander op die
rondomtalie draai.
Sy maatjies het seker al
van hom vergeet,
dink hy met 'n hart vol
stille leed.



Toe dink hy: “Nee kyk, genoeg is genoeg!
Vir verveeld wees is ek nou regtig moeg.”
Hy spring vinnig van sy bed af op,
en sit sy kabouterhoed op sy kop.
Buite roep sy maatjies sy naam:
“Vonkie, Vonkie, kom speel tog saam!”



In die kabouterresies het hy ver agtergebly
want goeie oefening het hy lanklaas gekry.
Die blou bal het hy mis geskop
want daar was net rekenaarspeletjies in sy kop.

Van al die vars lug, klouter en klim
was Vonkie gou weer 'n knapie met planne slim.
Sy ogies het geblink en sy wange was rooi,
want saans was hy sommer vroeg in die kooi.
Sy maats roep: "Lank was jy 'n luie donkie,
maar nou is jy weer ons liewe Vonkie!"

Toe die sonpanele weer in die
sonplaas blink,
het Vonkie min aan die
rekenaar en selfoon gedink.
Met sy maats wou hy nou
eerder speel,
om in die huis te sit sou hom
nou erg verveel.
Kabouterland se geliefde
kabouterkind
was weer vrolik en vry net
soos die wind!





Toe sê sy pa: "Vonkie jy is net een keer kind,
daarin moet jy groot vreugde vind.
Maak maatjies wat altyd jou vriende sal wees,
en bly fiks en so sterk soos 'n bees!"

Die Einde